African National Congress
GEORGE SUB-REGION
Tel: 044-8841529 /Fax: 044-8841539
Email: pcogeorge645@gmail.com
**CHAIRPERSON**: Darryll Sauer
083 300 9403
**SECRETARY:** Vido Ncamazana
073 498 0294

Die Redakteur
George Herald

Geagte Mev Da Silva

Hiermee ons pers verklaring rakende gebeure binne George en die George munisipaliteit:

Die bekendmaking van die Ouditeur-Generaal se verslag dat George nie 'n skoon oudit vir die boekjare 2017/18 ontvang het nie, is rede tot erge kommer vir die inwoners en veral belastingbetalers van George.

Die volgende gebeure het nie net 'n negatiewe uitwerking op die inwoners nie maar ook op moontlike beleggers wat George as 'n veilige beleggingshawe beskou:

1. Die swaard van korrupsie/bedrog wat oor die huidige burgemeester hang. Dit sal waardeer word indien hierdie saak spoedig moontlik afgehandel word sodat ons kan weet dat die kantoor van die burgemeester bo verdenking is en dat daar geen vraagtekens oor sy integriteit hang nie.
2. Die wederregtelike belegging van honderde miljoene rande waarvoor die Munisipale Bestuurder klagtes aanhangig gemaak het by SAPS. Mnr Keith Jordaan, UFB, is tydelik geskors maar het intussen weer teruggekeer werk toe. Geen uitsluitsel is nog deur die raad aan die publiek oor hierdie aangeleentheid deurgegee nie.
3. Die betaling van miljoene rande jaarliks weens oortydbetalings ruk die belastingbetaler se sak swaar. Die feit dat werk veral snags en oor naweke gedoen word, laat baie vrae ontstaan oor die werklike redes.
4. Die aanstelling van persone sonder matriek op senior vlak laat nog meer vrae ontstaan oor die kriteria wat gevolg word met aanstellings en of die aanstellings wel volgens prosedure gedoen was. Hoe is dit moontlik dat kandidate R50 000 plus per maand + R50 000 vir bystanddiens en oortyd per maand verdien terwyl matrikulante en gegradueerdes in George soms nie eers R10 000 in die privaat sektor ontvang nie??
5. Water, elektrisiteit, sanitasie en belasting verhogings wat vanaf 01 Julie die belastingbetaler se sak nog meer gaan ruk. Meer en meer inwoners sukkel om hierdie verhogings te betaal weens die lae salarisse in George. Dit is veral die senior burgers wat nie vir deernis kwalifiseer wat die hardste geslaan word.
6. Die problem rakende die GoGeorge vervoerstelsel moet ook spoedig uitgesorteer word. Die buskaartjies word jaarliks duurder terwyl die nasionale regering die hele projek met miljoene rande subsideer. Al kos die buskaartjies R8 sal die hele stelsel nog steeds groot wins vertoon. Die versuim om 'n forensiese ondersoek, soos voorgestel deur die seksie 79 komitee, te doen na die George Integrated Public Transport Network is ook onverklaarbaar. Dit blyk dat die munisipaliteit nie ernstig is oor skoon regering.
7. Swak dienslewering rakende die bou van paaie waarby miljoene rande betrokke is. Die Nelson Mandela Boulevard (Thembalethu) fiasko is 'n klad op die naam van skoon regering. Die pad is nou in 'n swakker toestand as voorheen en die munisipaliteit het toegelaat dat swak werk gelewer was sonder om toe te sien dat daar waarde vir belastingbetalers geld is. Dit raak nou 'n algemene verskynsel dat kontrakteurs wegkom met swak werk en net verdwyn.
8. Die verkoop van munisipale grond aan ontwikkelaars vir behuising terwyl daar 'n massiewe behuisingsnood in George is. Hoekom kan die grond nie bekostigbaar beskikbaar gestel word

aan kwalifiserende inwoners sodat hulle hul eie wonings kan bou nie??? Die raad kan dieselfde doen soos waar hulle ‘n paar jaar gelede die koste van die industriele erwe verlaag het. Die hoë eiendomspryse en huurtariewe maak dat George vir baie laer-en middelinkomste groepe onbekostigbaar raak.

Ons doen ‘n beroep op die DA om te sorg dat die inwoners van George eerste gestel word en dat die George munisipaliteit nie as slagveld vir hulle interne politieke gevegte gebruik word nie. Moet nie dat die slagspreek “George-the city for all reasons” ontaard in ‘n “George-the city for no reasons”.

Vido Ncamazana 2019-07-01